Good morning
The work is in two different sections.

Grade 5
1) Use the vocabulary on pg 64-66. Read the story from pg 67-69 and answer questions on pg 70.
A) Use the sentence in the box.
1) Who bakes pizza every Saturday?
2) What does Mrs Bakkes do on Saturday?
3) On which day of the week does Mrs Bakkes bake pizza?
B) Make the sentence true by changing the highlighted words. Get your answers from the story.
C) Which one does not fit?
D)Choose the correct answer

Pg 71
Look at the pictures to get the idea of what teenoorgesteldes is. (opposites)
A) Write out the sentences. Complete each sentence by writing the opposite of the highlighted word.
B) Write the sentences in the toekomende tyd. Look at the example.

# Mm-Mm, dis lekker

## ...oret: Ontdek die woorde

**...n storie oor 'n pizza lees: *Die grootste pizza***

...et wat 'n pizza is? Wil jy ook weet watter ander woorde in die ... Kyk na die foto's en lees die woorde en sinne hardop. Raai ook ... die storie, *Die grootste pizza*, gaan.



...*aliaanse kos*. Dit is ...plat, ronde brood ... kaas, tamatie en ...os gebak word.






...*world*; aarde



**bak:** *to bake*; om iets in 'n oond gaar te





**supermark:** *supermarket*; 'n groot winkel




**lorrie:** *lorry*; vragmotor




**meel:** *flour*; fyn wit poeier waarvan jy 'n koek, 'n brood of 'n pizza kan maak



**mengbak:** *mixing bowl*; 'n bak waarin jy deeg meng



**trollie:** *trolley*; 'n waentjie wat in 'n supermark gebruik word




**deeg:** *dough*; as jy meel en water meng, maak jy deeg



k: *factory*; 'n groot plek
ets gemaak word



**oond:** *oven*; dié deel van 'n stoof waarin kos gebak word




*to mix*; 'n mens roer die
met 'n lepel om en om



**klits:** *to beat*; 'n mens klits 'n eier met 'n vurk of 'n klitser



*onions*; 'n soort groente met
terk reuk en smaak



**rasper:** *to grate*; 'n mens rasper kaas met 'n rasper





## Storietyd: *Die grootste pizza*


**Kyk na die prente en luister na die storie.** Lees dan die storie.



1. Mevrou Bakkes bak elke Saterdag die heerlikste pizza. Haar man eet die hele pizza op.



2. Mevrou Bakkes besluit sy gaan die grootste pizza in die wêreld bak.



3. Sy en Liefie ry met 'n groot lorrie supermark toe.





4. Mevrou Bakkes en Liefie klim by die supermark uit.






n Liefie pak die eerste trollie: tien sakke meel, vyf liter melk, e pakke kaas, twaalf blikke tamatie en 'n dosyn eiers.




le pak nog baie ies vol kos: alles vir groot pizza wat hulle an bak.



8. Wat het mevrou Bakkes nog nodig? 'n Groot mengbak, 'n groot pan en 'n groot oond!



gaan na 'n fabriek toe. eneer Van der Staal gee vir



10. Mevrou Bakkes en Liefie werk die hele middag.





11. Eindelik is die deeg gereed. Hulle sit die tamatie, uie en kaas bo-op en steek die pizza in die fabriek se groot oond.




12. Toe die pizza gaar is, sê meneer Van der Staal: "Mag ek ook 'n stukkie kry, asseblief?" "Seker," sê mev. Bakkes. Sy gee vir hom 'n stuk pizza.



13. "Dis die heerlikste pizza in die wêreld!" sê meneer Van der Staal.

14. "Jy moet elke dag vir ons pizzas bak. Ons sal dit by jou koop," sê meneer Van der Staal. "Tot siens, mooi ry!" Mevrou Bakkes en Liefie ry huis toe, en vir die eerste keer is daar genoeg pizza vir almal!





**Hervertelling:** Vertel die storie oor.
Dink aan **wie** in die storie is, **wat** gebeur

Onthou! Ons skryf

## …oed verstaan jy die storie?

**…s hierdie sin goed en beantwoord die vrae daaroor.**

Mevrou Bakkes bak elke Saterdag 'n pizza.

**Wie** bak elke Saterdag 'n pizza?

**Wat** doen mevrou Bakkes elke Saterdag?

**Op watter dag** van die week bak mevrou Bakkes 'n pizza?




**…aak die sinne WAAR deur een …oord in elke sin te verander.**

. Mevrou Bakkes besluit om die **kleinste** pizza in die wêreld te bak.

. Sy kry 'n groot **vliegtuig** om winkel toe te gaan.

. Die pizza is so **sleg** dat meneer Bakkes alles opeet.

**Watter een pas nie?**

Vyf van die antwoorde is korrek. Watter een is **verkeerd**?


Mevrou Bakkes en Liefie koop die volgende soorte kos:

1. tien sakke meel
2. vyf liter melk
3. sewe pakke kaas
4. 'n groot pizza
5. twaalf blikke tamatie
6. een dosyn eiers

**Kies die regte antwoord.**

Wat gee meneer Van der Staal vir mevrou Bakkes?

1. 'n groot trollie
2. 'n baie groot pan
3. 'n groot lorrie



(8 punte)

**…inkvrae**


… die vrae oor die storie uit. Dink aan die



## Pret met taal

**A** **Teenoorgesteldes**

In alle tale is daar woorde wat die teenoorgestelde beteken, soos **warm** en **koud**, of **vuil** en **skoon**.




**Kyk nou of jy die teenoorgestelde woorde in die sinne kan invul.** Kies die woorde uit die blokkie.


lekker vol baie groot

1. Die pizza was nie **klein** nie, dit was ________.
2. Die pizza was nie **sleg** nie, dit was ________.
3. Die trollie was **leeg**, toe pak mevrou Bakkes dit ________ kos.
4. Sy het nie **min** goed gekoop nie, maar ________ goed.

**B** **Skryf die sinne in die toekomende tyd. (Ek sal …)**

**Voorbeeld:** Ek klits die eiers. Ek **sal** …

**Antwoord:** Ek **sal** die eiers klits.



1. Ek meng die deeg. Ek **sal** …
2. Ek rasper die kaas. Ek **sal** …
3. Ek sit die pizza in die oond. Ek **sal** …
4. Ek haal die pizza uit. Ek **sal** …
5. Ek sny die pizza. Ek **sal** …
6. Ek eet die pizza. Ek **sal** …

